# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
redakteur@apk.co.za

16 Oktober 2024

**OMSENDBRIEF 6/2024**

## NUWE VERBONDSONDERRIGBOEKE

AAN ALLE SAAKGELASTIGDES/LERAARS VAN GEMEENTES

Soos wat u weet, is ons besig om stelselmatig die nuwe verbondsonderrigmateriaal te implementeer soos wat ons dit afhandel. Ons is opgewonde om, buiten vir die graad 1 en 2 boekies wat ons verlede jaar in gebruik geneem het, ook die graad R, graad RR, graad 3 en die graad 10 en 11 boeke vanaf 2024 in gebruik te neem.

Omdat heelwat van hierdie boeke eers onlangs voltooi en na die drukkers gestuur is, vertraag dit ongelukkig die uitstuur van die verbondsonderrigbestellings. Ons beplan egter om alle verbondsonderrigbestellings vanaf die einde van Oktober (sodra ons die graad 3 boekies van die drukkers af gekry het) aan gemeentes te versend. Ons verwag die graad 10 en 11 boek DV teen die helfte van November en sal alle bestellings daarvan teen die einde van November uitvoer en dit saam met die Desember/Januarie-uitgawe van *Die Boodskapper* aan gemeentes versend.

Neem asseblief kennis dat die nuwe graad 10 en 11 boek een publikasie is wat 60 lesse beslaan. Die bedoeling is dus dat die eerste 30 lesse in graad 10 behandel word en die laaste 30 in graad 11. Kinders wat dus volgende jaar in graad 10 is, sal hierdie publikasie vir twee jaar gebruik. Om die oorgang vir die graad 11-kinders te vergemaklik, stel ons voor dat leraars en voorgangers die inhoud van die nuwe boek met die huidige graad 10 boek se inhoud vergelyk en dan die behandeling van die graad 10 stof (wat reeds in 2024 gedoen is) in die nuwe boek oor te slaan en slegs daardie lesse te behandel wat nie reeds in graad 10 gedoen is nie.

Ons hoop dat u die nuwe materiaal net soveel soos ons sal geniet. Ons besef dit is anders as waaraan u gewoond is, maar ons is oortuig daarvan dat die inhoud van hoogstaande gehalte is.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 (012) 362-2023

Indien u enige verder vrae het, kontak ons gerus en ons help waar ons kan.

*Vriendelike groete*

**Ds. HSW Strauss**
**Afdelingshoof: Publikasies**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 🖷 (012) 362-2023